**FAKSBOODSKAP**

Verwysing: SEF KODE 6041
Owerheidsverw. Nr: 12/12/20/720

Posbus 304
GARIES
8220
01 Januarie 2007

Strategic Environmental Focus Pty Ltd
Posbus 1330
DURBANVILLE
7551

Geagte Vic Napier

**KUDU INTERGRASIE PROJEK**

Verwys na u brief gedateer 13 November 2006 en my brief gedateer 27 November 2006.

1. Ek het u antwoord ontvang op bg brief. Ongelukkig het u nie aan my versoek voldoen nie deur genoemde kaart te verskaf waarop al die onderverdelings van die oorspronklike plase aangedui word. Krommefontein alleen het 7 of meer eienaars. Dit sal dus waardeer word as u so gou moontlik aan my versoek sal voldoen sodat elkeen van ons kan sien waar ons moonlik geraak gaan word. Die versoek was: Dui asseblief op 'n RSA kaart "3017 DB GARIES" skaal 1:50 000 die presiese voorgestelde roete van ALTERNATIEF A en F van die "Kudu Lyn" sou dit oor die volgende eiendomme gaan:

| | |
|---|---|
| Krommefontein | Brakputs |
| Kersboomspruit | Brakfontein |
| Doornkraal | De Hoek |
| Du Toits Puts | Groot Brakfontein |

Ek wil die kaart hê by 15 Desember 2006 asseblief sodat ons grondeienaars ons sake in orde kan kry en vergaderings kan belê.

Verder het ek gister Garies Poskantoor/OK Foods besoek en die verslag probeer bestudeer. Dis moeilik moeilik om sulke lywigge verslae staande in die geroesmoes van 'n besige winkel te bestudeer maar dis beter as niks en beter as die gaspyplyn bekendstellingspoging van 'n ander maatskappy nou die dag.

Ek kon niks in die verslag raakloop oor toepaslike wetenskaplike navorsing wat gedoen is oor die effek van voordurende elektro-magnetiese uitstraling en enige ander effek van die geleiding van elektrisiteit wat deur die lyn gedoen gaan word nie en die effek daarvan op mense diere en plante nie en ook hoe dit in die onderhawige situasie van toepassing is nie. Ander bekende newe effekte is ook versteuring van radio,TV en telefoon ontvangs. As die inligting wel daar is, voorsien my asb van die bladsy nommers en paragrawe er of tabelle wat in die ondersoek gepubliseer is en indien moonlik kopieë daarvan. Indien dit nie daar is nie, maak ek beswaar deur te sê dat die verslag is onvolledig is.

Volgens my kennis is die effek van voordurende blootstelling aan elektromagnetiese uitstraling in die algemeen hoofsaaklik nadelig vir die omgewing al het dit spesifieke toepaslike voordele in gespesialiseerde toepassings soos vir die heg van gebreekte bene wat nie wil las nie. In die geval kan die pasient self besluit of hy/sy die voordeel van die gelaste been wil geniet en die negtiewe effek wil verduur.

Ons moontlike lynbewoners het geen voordeel te kry uit die voorsiening van elektrisiteit aan die Weskaap of die land nie, want dit nie iets wat vir ons bestaan nie. Of RSA krag het of nie beïnvloed nie ons daaglikse bestaan nie, my kers brand en my hout of gasvuur kook of watter ander voorsiening ons ook al gemaak het. Ons kry net die nadele.

Sal jy tevrede wees met 'n hoogspanningslyn oor jou erf?
Sal jy tevrede wees met 'n "veilige" kernafvalstortingsterrein in jou agterplaas sodat mense 500 of meer kilometer van jou af van Elektrisiteit voorsien word maar nie jy nie, om nog 'n toepaslike voorbeeld van Vaalputs te noem. As ons in die boendoes wil bly,los ons in die boendoes!

Soos reeds voorheen aangedui in my faks gedateer 23/02/2006, is ek van plan om later sodra my kinders oor 3 tot 4 jaar afgestudeer is (en ek die risiko alleen dra), gastehuise op die plaas oop te maak.
Julle het duidelik in julle verslag uitgelig dat dit 'n groot bron van inkomste vir die streek is en die wenslikheid dat infrastruktuur soos kraglyne langs

**bestaande hoofweë** soos die **N7** deur die reisende publiek aanvaar word. Dit is duidelik dat niemand sal wil betaal om op my gastehuis se agterstoep na 'n sonsondergang sal wil sit en kyk met 'n "sundowner" in die hand oor 'n braaivleisvuur as die sonsondergang verdwerg word deur 38 meter hoë kragmaste. Niemand sal die wildernis af Afrika hoedervleis kry as die gammajakals skree as die "wildernis slaappiek" waar hy uitkamp binne sigafstand van hierdie kragmas monsters is.

Ek wil 4 fotos aangeheg maar sal dit duidelikheidshalwe e-pos van 'n ander fasiliteit af en na die skrywe verwys. Hulle wys die volgende.

- Die eerste een is van onder geneem teen die bult op en wys die effek van n 5 meter hoe telefoonpaal.
- Die tweede een is op dieselfde hoogte geneem en wys bv die 2 hoof huise van sonop kant.
- Die derde en vierde foto is 'n sonsondergang van dieselfde rigting geneem. Die 38m hoë kraglyn moet omtrent 'n kilometer aan die sononderkant van die huise, op dieselfde vlak, verby beweeg. Hoe dink jy moet dit lyk: asof jy langs 'n substasie bly? Al wat ek dwarsdeur die jaar hier aan toeriste kan verkoop is 'n mooi sonsondergang!

Hoe hou jy vreemde mense van jou eiendom af: Julle bou vir julle tronke in die stad en bly daarin. Ons probeer julle ontvlugting gee deur julle as besoekers in ons "wildernis" te ontvang. Om dit blywend te doen moet dit goed gedoen word en mense moet veilig voel. Ek kan dit nie waarborg as elke Jan Rap en sy maat toegang het wanneer hy lus het om t kom nie. EVKOM mag betroubaar wees maar nie noodwending die werknemers nieof die maatskappy wat hulle oorkoop nie. Wat van onwettige jag, houtbreek, ens. Ek weet daar kan teen hulle opgetree word maar dit is baie makliker as daardie moonlikheid nie eers bestaan nie! Gee jy vir EVKOM sleutels van jou veiligheidshekke?

Wat moet ek meer sê om te bevestig: Ek soek nie 'n hoogspanningskraglyn op Gedeelte 5 of Restant van gedeelte een van Krommefontein nie. Ek wag op die verslag oor die effekte van die geleiding van elektrisiteit soos bo versoek voordat ek en die res van die grondeienaars ons gesamentlike mening gee. U antwoord by 05 Januarie 2007 sal waardeer word aangesien die keerdatum vir kommentaar 12 Januarie is.

Hierdie versoek sal opgevolg word met 'n geregistreerde brief met dieselfde versoek, maar om tyd te spaar, word die versoek per fake gerig:

By voorbaat dank

J DU TOIT